



## Van Onbekeerde na Harvesters-gegradueerde

Drie jaar gelede is 'n Moslemman, Hassan Nakibongochi, deur 'n vriendelike vreemdeling in sy tuisdorp in Bungoma-distrik, Kenia, genader. Hassan het geluister hoe die Harvesters-studenteleraar, Abraham Milimo, hom van Jesus Christus begin vertel. Pastoor Abraham was getrou besig om in Bungoma te evangeliseer, en die Here het hierdie twee manne laat ontmoet. Hassan het daardie dag met vreugde sy lewe aan Christus gegee.

Pastoor Abraham het 'n dissipelskapreis saam met Hassan begin. "Abraham het die behoefte gevoel om die distriksleier van Bungoma, pastoor Wenslaus Simiyu, te betrek om hom te help om Hassan te dissipeer om sterk in geloof te staan, met inagneming van sy Moslem-agtergrond," verduidelik Dylan Burgess, Harvesters-landleier vir Kenia. Harvesters Ministries lei leraars op – nie om bekeerlinge te maak nie, maar dissipels, en hierdie twee leraars het in Hassan se reis belê.

Met die gebruik van Harvesters-materiaal het hulle die grondliggende dissiplines van die geloof aan hom verduidelik. "n Groot transformasie het in Hassan se lewe begin plaasvind,"

verduidelik Dylan. Die valse persepsie van Jesus wat Hassan uit sy Islamitiese leer gehad het, is vervang. Sy persoonlike verhouding met een ware Koning het elke dag sterker geword.

Vir Hassan is 'n vuur aangesteek. Hy was so passievol dat hy, nadat hy die basiese dissiplineklasse voltooi het, by 'n groep Harvesters-studente aangesluit het wat met die volgende module begin het. Hassan het voortgegaan om die volle Harvesters-kurrikulum suksesvol te voltooi. Hy het sy Harvesters-gradeplegtigheid op 27 November 2021 saam met sy vriend, pastoor Abraham gevier.

Tydens sy opleiding het Hassan die Evangelie aan ander verkondig. Deur evangelisasie het hy twee kerke in Bungoma-distrik geplant, en hy help ander studente om in hul geloof te groei – soos pastore Abraham en Wenslaus vir hom gedoen het. Een van sy studente is 'n voormalige Moslem.

"Hou asseblief wat die Here in sy lewe doen, in gebed," vra Dylan. "Ons loof God vir Sy werk in Bungoma." ✉

### Ook in hierdie uitgawe:

**2** 10,000 Bybels betyds vir Kersfees.

**4** 'n Nuwe Taal.



# 10,000 Bybels betyds vir Kersfees

Teen die einde van 2021 het bykans tienduisend Mosambiekers die beste geskenk ontvang, net betyds vir Kersfees. Die Woord van God.

Mosambiek is in die laaste drie jaar deur twee siklone geteister. Huise en kerke is weggewas en kosbare Bybels was verlore. Harvesters se span het so in die rondgaan, bewyse van die vernietiging orals gesien. Bybels is vir baie gemeentes gegee wat nie meer 'n gebou het nie, maar steeds getrou bymekaarkom om te aanbid. Bid asseblief vir die baie leraars wat steeds getraumatiseer is na hierdie gebeure.

Shona en Portugese Bybels is moeilik bekombaar vir die plaaslike leraars en ontsettend duur. "Om die waarheid te sê," verduidelik Francois Rauch, Globale Kerkplantings-ingenieur, "dit is goedkoper om 'n leraar op te lei, as om 'n Bybel in die hande van die leraar te plaas."

Te danke aan ons vennote – *Biblica*, *One Hope* en *Living Ball* – asook die ondersteuning van ons donateurs, was Harvesters in staat om kinderbediening-materiaal, evangelisasie-gereedskap en 10,000 Bybels aan Mosambiek te lewer! **In ons grootste Bybelverspreiding ooit, het die span 59 kerke in 10 dae besoek.**

## ONTWIKKELING VAN DIE VOLGENDE GENERASIE

"Wanneer jy die leraars hier in Mosambiek vra wat die grootste behoefte vir hulle is, sê hulle eenparig dat dit die kinderbediening is," sê Thinus Botha, Streeksdirekteur vir Oos-Afrika. Sestig present van Mosambiek se bevolking is onder 24 jaar en is 'n fokuspunt vir die kerk. *One Hope* het opleidingsmateriaal voorsien en daar sal met Harvesters se kerkplant baie opleiding vir kinderwerkers wees.

'n *Reach for Life* Nuwe Testament vir die jeug en 'n prettige *Living Ball* versier met die Evangelie, is ook uitgedeel. Die Jeugbybel is vol ekstra bronne en lesse binne. Plus, die *Living Ball* is 'n wonderlike gereedskap vir evangelisasie want "sport speel 'n belangrike rol binne Mosambiek se kultuur," verduidelik Thinus.

## DIE OORDRA VAN GOEIE NUUS

Harvesters het ook 280 Transworld Radio's na die noordelike kerke gestuur. "Die wonderlike ding van 'n Transworld Radio is dat dit net die Goeie Nuus bring. So as jy dit aanskakel, sal jy hulle wonderlike Gospel-inhoud kry," sê Francois. In onlangse jare het noordelike Mosambiek



Bybels, Trans World Radio's en opleiding is voorsien. 'n Prettige 'Living Ball' versier met die Evangelie, asook 'n Jeugbybel – vol ekstra bronne en lesse binne – is ook aan die jeug uitgedeel.



baie konflik en verskriklike ISIS-aanvalle gesien. Bid dat hierdie bronne die area met die Goeie Nuus van hoop sal versadig!

“Ons vertrou God vir groot impak,” verklaar Thinus. “Ons kan getuig dat Jesus Christus, te midde van die konflik en ontwrigting, steeds Sy kerk bou en die hekke van die hel sal nie teen Hom staande kan bly nie. Wonderlik is Sy getrouheid! Halleluja! Dankie vir jou voortdurende gebede en ondersteuning vir hierdie wonderlike werk.” ✉



Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop vir onbereiktes om Jesus te kan ken. Dankie vir jou geskenke en gebede!

# Die Storie in Getalle

Posisie op die 2021-ranglys van mees vervolgte lande in die wêreld

45<sup>ste</sup>



17.6 jaar

Gemiddelde ouderdom in Mosambiek. 60% onder die ouderdom van

24



Afstand gereis

5,000 km

8,736

Bybels na Mosambiek gestuur

Reach for Life Nuwe Testamentiese Bybels aan die **jeug** uitgedeel



3,960 SHONA



1,620 PORTUGEEES

Bybels aan nuutgeplante kerke in die Beira-gang uitgedeel

3,420



5

4x4 voertuie wat al die materiaal deur grensposte en moeilike paaie vervoer het

Soldate in die span

11



102

leraars opgelei om die *Living Ball* te gebruik en kinderbedieningsgroepe te vestig

Nuutgeplante kerke besoek

59



300

*Living Balls* versprei van Maputo na Beira

*Trans World Radio's* versprei na Nampula om gebruik te word deur mense wat van ISIS vlug

280



5,317

Bybels van *Biblica* wat persoonlik deur die Harvesters span uitgedeel is

Liter brandstof wat gedurende die reis gebruik is

3,517



10,000+

siele wat geraak is en nooit weer dieselfde sal wees nie!



Opleiding onder 'n skulling.



Joseph (onderwyser en vertaler van die Luvale kurrikulum) en Pierre (Harvesters se verteenwoordiger by die Luvale stam).

# 'n Nuwe Taal

Harvesters Ministries werk diep in Zambië tussen 'n groep mense wat die Luvale genoem word. Hulle is in die mees afgeleë dele van Zambië en Angola en leef verwyderd van die moderne lewe. Hulle sien byna nooit mense van buite nie en is vol blydschap as Harvesters kom kuier. Joseph het 'n onderwysgraad. Hy het besluit om daardie vaardigheid en opleiding te gebruik om verlore siele te evangeliseer en dissipels tussen die Luvale op te lei. Joseph vertaal nie net elke paar weke die klasse nie, maar hy het ook die groot taak onderneem om al die Harvesters se materiaal te vertaal. Ons voeg gereeld nuwe tale by ons materiaal en is trots om Luvale nou as een te reken. Shikenu mwane! Welkom! ✉

## Skakel met Harvesters Ministries op enigeen van ons platforms:

- Facebook – [www.facebook.com/harvestersmin](http://www.facebook.com/harvestersmin)
- Instagram – [www.instagram.com/harvestersministries](http://www.instagram.com/harvestersministries)
- YouTube – [www.youtube.com/c/HarvestersMinistries](http://www.youtube.com/c/HarvestersMinistries)
- Twitter – [twitter.com/HarvestersMin](http://twitter.com/HarvestersMin)
- Website – [www.harvestersministries.com](http://www.harvestersministries.com)

### Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries, ABSA Bank,  
Rekeningnr: 4075041297, Takkode: 632005  
Verwysing: "NE0222WB"+[jou naam]


### Meer opsies om te gee:

Besoek ons webblad om aanlyn te gee.

Nou kan jy ook met **kripto geldeenhede** gee



Of volg die qr kode om via **Zapper** of **SnapScan** te gee ...



**Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning!**

## Harvesters MINISTRIES

HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**  
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Posdres: **Freeport CB11432 • Strand, 7139**  
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130**

*Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die gratis Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.*

# Opening the Way